# Helde en Leeuemoed

Louise van der Merwe



# Toekennings

## aan

# Helde en Leeuemoed

Die Engelse weergawe van **Helde en Leeuemoed** is deur die International Youth Library in Duitsland gekies om ingesluit te word in hul White Ravens lys van internasionaal uitstaande boeke (1997). Sowat 10 000 nuwe boeke uit 43 lande het meegeding vir hierdie voorreg. Slegs 275 is gekies.


In dieselfde jaar is **Helde en Leeuemoed** ook gekies as beste kinder nie-fiksie boek van die jaar (Engelse kategorie) in die Suid-Afrikaanse Bookchat Toekennings en is ingesluit in die Erelys van die Suid-Afrikaanse Kinderboek Forum.

***

Ons hoor selde van die dapperheid van diere. Tog is daar elke dag diere, oral in die wêreld, wat teen alle verwagtings die lewens van beide mense en ander diere red.

Oor die jare het die Nasionale Raad van die DBV in Suid-Afrika toekennings gemaak aan hierdie onbeloonde helde. Die NDBV het ook medaljes toegeken aan mense – mans, vrouens en kinders – wat meevoeling en groot dapperheid aan die dag gelê het om hulle dierevriende uit gevaar te red.

**Louise van der Merwe,** joernalis en vegter vir diereregte, vertel in hierdie boek die ware en aangrypende verhale agter sommige van die toekennings. Met illustrasies deur die bekroonde kunstenaar, Jeremy Grimsdell, is *'Helde en Leeuemoed'* 'n opwindende en ongewone boek wat nasionale en internasionale erkenning ontvang het.



# Inhoud


| | |
|---|---|
| Voorwoord | |
| Wollie | 1 |
| Durf en daad | 6 |
| Die dodelike modder | 11 |
| Gelukkige Lassie se tweede lewe | 17 |
| Vuur veg teen vuur | 21 |
| Gertrude praat hondetaal | 27 |
| Die groot slik | 32 |
| Sky en Rain se nalatenskap | 39 |
| Beauty, moeder soos min | 44 |
| Bacchus hang in die weegskaal | 50 |
| Sultan se kake van die lewe | 56 |
| Die hond wat nie gered wou word nie | 61 |

# Voorwoord

Die bestaan van die talle diersoorte wat ons manjifieke planeet inkleur is klaarblyklik, en alhoewel elkeen se eiesoortigheid hulle onderskei, deel alle lewende wesens, insluitende die Mensdom, 'n basiese behoefte aan:

- Vryheid van honger en dors
- Vryheid van ongemak
- Vryheid van pyn, besering en siekte
- Vryheid van vrees en ellende
- Vryheid om normale gedragspatrone uit te leef

Bogenoemde geld vir die gesin se troeteldier, die veldmuis, die lêhen en die olifant. Alle diere verdien om met sorg behandel te word en hierdie basiese behoeftes te kan verwesenlik.

As 'n organisasie wat die beginsels van die "vyf vryhede" aanvaar en die Dierebeskermingswet toepas, aanvaar ons die voogdyskapsrol, nie net as 'n plig nie, maar ook met hartstog en beslistheid. Ons sal nooit kompromieë met ons beleid toelaat nie en ons gee altyd die voordeel van die twyfel aan die diere. Ons sal nooit hierop toegee nie.

Die uwe,

**Marcelle Meredith**

Uitvoerende Direkteur

NASIONALE RAAD VAN DBVs



# Wollie

Vir klein Wollie, 'n bastermalteser, was die DBV by Stilfontein sy tuiste. Dis nie dat niemand hom wou hê nie. Hy was so 'n oulike hondjie dat hy 'n paar keer aangeneem is, maar elke keer nadat iemand hom gekies het, het Wollie weer teruggekom DBV toe. "Wollie se eienaars het hom oorspronklik hierheen gebring omdat hy gedurig rondgeloop het," het die bestuurder van die hokke, mev. Shirley Thompson, gesê. "Hy is sommer gou aangeneem en na 'n nuwe huis geneem, maar toe ons die volgende dag opdaag vir werk, sit hy hier buite voor die hek. Hy moes ten minste drie kilometer geloop het om hier te kom – deur swaar verkeer en oor die spoorlyn."

Shirley het die nuwe eienaars gebel sodat hulle vir Wollie kon kom haal, en het hulle aangeraai om hom vir 'n paar dae binnenshuis te hou sodat hy aan sy nuwe tuiste gewoond kon raak. 'n Paar dae later het hy egter weer buite voor die hekke gesit en wag.

"Uiteindelik het ons opgehou om vir hom 'n nuwe tuiste te probeer kry," sê Shirley. "Wollie het ons gelukbringer geword."

Niemand het egter kon raai dat hierdie moedige klein hondjie nog met die onmoontlike kragte sou meet om die lewe van een van die vrywillige helpers by die DBV te red nie.


Wollie se beste maat was Kojak, die groot gryswit DBV-kat, en vir die volgende ses jaar het hy die hele eiendom as sy gebied beskou.

"Hy was 'n absolute karakter," sê Shirley. "Dit het darem gelyk asof hy die meeste van die honde wat DBV toe gebring is, goedkeur, maar soms het hy 'n onmiddellike gly in een gevang en so geblaf en geknor dat ons hom 'n ruk in 'n kampie moes toemaak. Wanneer ons later weer vir hom oopmaak, spring hy rond van opgewondenheid, rol in die gras en storm heen en weer op soek na Kojak."

Een persoon vir wie Wollie altyd bly was om te sien, was diereliefhebber Peter Swart, wat elke Saterdagoggend in sy vrye tyd die tuin kom versorg het. Wollie was altyd op sy pos by die hek waar hy vir Peter stertswaaiend ingewag het.

"Hy het oral agter my aangedrentel waar ek ook al grassny of randjies kap," sê Peter. "Hy sal net daar sit en vir my glimlag."

Toe breek die noodlottige Saterdag aan.



Peter het nie geweet dat twee Pitboel Terriërs wat na die DBV gebring is om uitgesit te word, die draaddak bo hul kamp oopgeskeur het, en uitgekom het nie.

Sê Peter: "Ek het lank voor enigiemand anders daar aangekom. Dit was ongeveer kwart oor sewe. Wollie was nie daar om my soos gewoonlik te groet nie, maar ek het my nie eintlik daaraan gesteur nie en het reguit na die gereedskapskuur gegaan om 'n hark te gaan haal."

Toe Peter by die skuur uitkom, het die reun hom bespring. Hy het hom met die hark verweer, maar die hond het dit uit sy greep geruk en weer teen hom opgespring. "Ek dink hy het vir my keel gemik, maar ek het teruggedeins en hy het sy tande in my bors geslaan," sê Peter.



Peter is grond toe geslinger deur die geweld van die hond se aanslag, en op daardie oomblik het die teef hom ook aangeval. "Haar grommende gesig was sentimeters van myne af. Ek het my linkerarm oor my nek gehou, want ek kon sien dat sy my aan die keel wou pak. Ek het geskree en geskree, maar daar was niemand wat my kon hoor nie."

Behalwe Wollie.

Wollie het blaffend en grommend nadergestorm. Die oomblik toe die Pitboel Terriërs hom sien, het hulle vir Peter gelos om vir Wollie te takel.

Verwilderd, en bloeiend aan sy bors en arm, het Peter na die kantoorgebou gestorm en homself toegesluit. Die telefone was nog steeds gesluit, dus kon hy nie hulp ontbied nie. Hy moes wag tot Shirley Thompson om nege-uur inklok. Toe sy opdaag het Peter benoud deur die kantoorvenster geskree om haar te waarsku om dit nie op die terrein te waag nie. Shirley het die polisie ontbied wat die Pitboel Terriërs kom skiet het.

Toe het sy dadelik na Wollie begin soek, desperaat in die hoop dat hy iewers wegkruip en veilig is. Wollie het egter vir sy moedige daad met sy lewe betaal. Sy het sy klein verskeurde lyfie buite die kampie waarin hy soms toegemaak is, gekry. "Dit lyk asof hy daarheen gehardloop het om daar te gaan skuil," sê sy.

Sê Peter: "Daardie Pitboel terriërs is geleer om aggressief te wees. Ek is lief vir diere, maar tot vandag toe gaan ek aan die bewe as ek 'n Pitboel terriër sien, en die hele toneel flits

voor my oë verby. As dit nie vir Wollie was nie, was ek nie vandag hier nie. Ek is my lewe aan daardie moedige hondjie verskuldig."

*'n Merietesertifikaat vir Buitengewone Diens deur 'n Dier, is na sy dood aan Wollie toegeken.*



**Nasionale Raad van DBVs van Suid-Afrika**

DBV SPCA

**Meriete-sertifikaat**

TOEGEKEN AAN

**WOLLIE**

VIR VOORTREFLIKE DIENS DEUR

**'n DAPPER MALTESER-POEDEL**

*Marcelle Meredith*

Uitvoerende Direkteur: NDBV

# Durf en Daad

"Nee, jy kan nie saam kom nie. Jy's te klein," sê die groter seuns smalend vir die dertienjarige Mark Shrimpton.

Die kleingeboude, blonde, bruinoogseun doen sy bes om sy teleurstelling weg te steek. 'n Groep van Nelspruit se skoolseuns is op pad om 'n vermiste hond in die digte bosse te gaan soek. Daar is 'n moontlikheid dat die hond in 'n wilddief se strik gevang is en Mark is gretig om te help.

Die bos is Mark se lewe. Net 'n stroompie skei dit van hulle agterplaas en hy bring die meeste van sy tyd daar deur. Net die dag tevore het hy op 'n hoë rots sit en kyk hoe 'n luislang van vyf meter in die son bak, terwyl dit 'n groot, bultende maaltyd verteer.

Vlakvarke, ystervarke, bosbokkies, koedoes, duikers en dassies kom almal in die Krokodilrivier se lowerryke vallei voor. Mark kan hul spoor volg en sê watter dier dit gemaak het. Hy ken die verskillende spesies uile en weet waar haarballe sal wees. Hy kan soos 'n bobbejaan blaf en het selfs aan 'n program deelgeneem waartydens weesbobbejane terug in die wildernis geplaas is.

Snags slaap hy soms onder die sterre en dink aan die leeus en hiënas in die Nasionale Krugerwildtuin naby hulle.

Koos, 'n buurman se groot bruin baster boerboel-bokser, is reeds twee dae weg en Mark is seker dat hy met sy kennis van die bos die hond sal kan vind. Toe die ander seuns in die

warm namiddagson wegstap, hardloop Mark terug huis toe om sy waterbottel te gaan haal. Toe slaan hy 'n heeltemal ander koers in.  Bo sy kop kwetter 'n groepie blouapies in die takke van 'n wildevyeboom en die vleiloeries roep na mekaar.

Omtrent drie uur later het Mark nog nie 'n teken van Koos gekry nie. Dit begin al donker word, toe hy uiteindelik 'n fyn tjankgeluid hoor.

Hy stap agter die geluid  aan en kry 'n paar minute  later vir Koos, vasgevang in 'n draadstrik wat aan 'n boom vasgemaak was.  Die draadkabel is vasgetrek om sy maag, en hy spring wild heen en weer in 'n poging om los te kom.

"Koos ken my en toe hy my sien het hy vreeslik getjank," onthou Mark. "Hy het vreeslik gekerm en van blydskap probeer rondspring."

Toe Mark naderkom sien hy dat die kabel diep in die hond se vleis ingevreet het.  Hy probeer dit lossukkel, maar hoe meer Koos rem en trek, hoe dieper sny die kabel hom, en vars bloed begin uit sy wonde te syfer.

"Ek het doodstil gaan staan en vir hom gesê om te "sit", sê Mark. "Hy het dadelik gaan sit en dit het my die kans gegee om hom los te maak.  Toe het hy weggehardloop en toe ek hom inhaal het hy plat op sy maag in die stroompie gelê en drink. Hy het vir amper drie dae nie water gehad nie.

"Toe ek tuiskom met Koos aan my sy, kon ek nie help om te lag nie, want al wat die ander ouens gekry het was 'n bobbejaan se kopbeen," lag Mark.

Soos so baie honde van die Nelspruit-omgewing, sal Koos



altyd die ontsierende littekens van sy beproewing met hom saamdra. Mark het ook al 'n reputasie as een van Nelspruit se strikopspoorders opgebou.

"Ons slaag daarin om die meeste van die honde wat in strikke gevang is, te red" sê Mark, "want hulle blaf en tjank en hul eienaars mis hulle. Die dassies en bokke maak egter nie 'n geluid nie. Gewoonlik vang die strik hulle om die nek. Dit vat omtrent vier dae vir hulle om dood te gaan as hulle in die strik gelaat word."

Tot dusver het Mark al meer as sewentig van die buurt se honde uit wilddiewe se strikke gered. Eenkeer het hy en sy vriend Justin Darwell 'n pak honde verwilder wat 'n jong duiker wat in 'n strik was, aangeval het. Die duikertjie was so erg beseer dat hy uitgesit moes word.

Sedert hy 'n bergfiets vir Kersfees gekry het, kan Mark 'n groter terrein dek, en probeer hy vasstel watter patroon die wilddiewe gebruik wanneer hulle strikke stel.

"Sodra ek die patroon ken, groei my stapel strikke sommer vinnig," sê Mark. "Tot dusver is daar 'n stuk of tagtig strikke op my hoop."

Mark se ma, Sandra, het die laaste sê. "Mark ken die bos baie goed en hy kan na homself kyk. Hy doen in werklikheid 'n man se werk. Ek is baie trots op hom."

*Mark Shrimpton en sy strikopspoorder-vriende Cale en Justin Darwell het elk 'n Merietesertifikaat vir Dapperheid in die Diens van Diere vir hulle Strikopspoordery ontvang.*

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***MARK SHRIMPTON***

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR DIE

**BESKERMING VAN DIERE**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

# Die Dodelike Modder

Die manier waarop 'n olifantkoei vir haar kalf sorg is iets wonderliks om te aanskou. 'n Olifantkoei bereik volwassenheid op twaalfjarige ouderdom. Daarna gee sy elke vier tot nege jaar geboorte, na 'n draagtyd van twee-en-twintig maande. Indien haar kalf bedreig word, sal sy die kleintjie verwoed verdedig.

Die son is besig om onder te gaan en David St Quintin en Mike English van Kaapstad is op pad na die Nogotsaapan in Noord-Chobe. Botswana se skroeiende somerson het slegs 'n halwe meter modderige water in die pan agtergelaat. Die kante van die pan is steil, wat dit vir 'n dorstige dier moeilik maak om by die water te kom.

Die twee mans sit hul slaapsakke ongeveer twintig meter van die pan af neer, en wag vir die olifante. Toe dit begin donker word, verskyn 'n trop van ongeveer seshonderd olifante uit die omringende bosse en doringbome. Stampend en stotend en met rammelende mae stap hulle af na die watergat om hul dors te gaan les.

David en Mike is in Botswana om navorsing te doen vir 'n projek vir die tydskrif National Geographic. Hul onderwerp is hoe die voortbestaan van die laaste groot wildernisarea in suidelike Afrika verseker kan word. As deel van hul studie moet hulle Botswana se olifantbevolking monitor en hul migrasieroetes op kaarte aanteken.

In die Chobewildtuin bring die olifante die winter naby die Chobe- en Linyatiriviere deur, maar tydens die somer migreer

hulle ongeveer tweehonderd-en-vyftig kilometer suidwaarts na die suidelike deel van die reservaat en Hwange in Zimbabwe.

David en Mike slaap onder die sterre in die vertroue dat die olifante selfs in die donker presies weet waar hulle hul voete neersit. Toe hulle teen dagbreek in die koel oggendure wakker word, sien hulle dat die trop reeds weg is, behalwe een koei.

David vertel die verhaal: "Sy was duidelik ontsteld, en het grommend en rammelend op en af langs die kant van die pan gestap. Mike en ek het vermoed dat sy seergekry het. "Toe, aan die oorkant van die pan, sien ons nog 'n olifant, 'n jong bul wat ook deur die trop agtergelaat is. Hy het soos 'n brandwag daar gestaan.

"Ons het dadelik in ons viertrekvoertuig geklim en na die olifantkoei gery. Sy was uitermatig behep met iets daar in die pan. Ons het die petrol ingetrap, die enjin hard laat brul en met die 4 x 4 op haar afgestorm om haar weg te jaag en ons 'n kans te gee om te sien wat in die pan is."

Die mans was geskok toe hulle besef hoekom die koei so angstig is. "'n Baba-olifant het in die modder geval," sê David. "Dit was baie diep in – tot by sy ore – en kon nie roer nie. Hy was so jonk dat hy nog bedek was met die swart hare wat 'n mens op pasgebore kalwers sien."

Op daardie oomblik het die koei gestorm. Sy het donderend in 'n stofwolk op hulle afgepyl, haar slurp omhoog, en woedend getrompetter. Dave het die enjin so vinnig laat loop dat dit 'n skreegeluid gemaak het, in 'n wanhopige

poging om die koei van die voertuig af weg te hou.

Die twee mans het besef dat die klein kalfie kan versmoor weens die drukking van die kleiagtige modder waarin sy lyfie besig was om weg te sak. Hulle het dadelik na 'n wildbewaarderskamp ongeveer 'n halwe kilometer van die pan af gejaag waar drie wildbewaarders gestasioneer was, op die uitkyk vir wilddiewe.

"Eers wou die bewaarders ons nie glo toe ons sê dat ons hulp nodig het om die kalf te red nie," sê David. 'Met die ma in die rondte? Nooit!' het hulle gesê."


Uiteindelik het die bewaarders 'n ooreenkoms gesluit: hulle sal help op voorwaarde dat David die koei die hele tyd met sy viertrekvoertuig weghou.

Terug by die pan het die modder die kalfie nog dieper ingesuig. "Ons het geweet die baba-olifant sal doodgaan as ons dit nie gou uitkry nie," sê David.

Mike en die drie bewaarders het gereed gemaak om na die pan te hardloop, terwyl David hom reggemaak het om die koei te verjaag. Hy het die revolusies hoog opgejaag en op haar afgestorm. Oor en oor.

"Dit was skrikwekkend," erken David. "Soms was al wat ek kon sien, een groot olifantoog reg langs my gesig. Toe besluit die manlike brandwag aan die oorkant van die pan om te kom help."

Terwyl David swoeg om die twee olifante met sy jeep weg te hou, worstel Mike en die bewaarders met die baba-olifant.







Met hul kaal hande slaag hulle daarin om genoeg modder uit te grawe sodat hulle 'n tou om die jong olifantjie se maag kan bind. Toe probeer hulle om die olifantjie met die tou uit te trek. Die tou is egter te dun en sny in die kalf se vel in. Hoe hard hulle ookal trek, die olifant se bene is vasgesuig in die modder. Die hitte is skroeiend en die mans is besig om moeg te word. Met kommer let hulle op dat die baba ook moeg is. Sy oë val toe en sy slurp maak flou beweginkies.

Dit is toe dat die olifantkoei en die brandwagbul besluit dat die mans wil help en nie wil seermaak nie. Hulle loop 'n ent weg en gaan dan botstil staan, terwyl hulle sake fyn dophou.

Teen hierdie tyd is Mike en die bewaarders diep in die pan, waar hulle angstig probeer om die modder onder die olifantjie se bene uit te grawe sodat hulle hom kan uitlig.

David bly in die jeep sit en hou die ma-olifant dop, gereed om voor haar in te jaag indien sy sou besluit om te storm. Ongeveer dertig minute nadat die reddingspoging begin het, sleep Mike en die bewaarders 'n moeë, beangsde en bewende baba-olifant uit op droë grond.

Sê David: "Hy was swak, bewerig, mistroostig en vol modder. Toe hy die groot bruin stowwerige jeep sien, moes hy gedink het, 'Daar's Ma!' want hy het reguit op my afgestorm. Sy ma het dit egter gesien. Die volgende oomblik was sy tussen ons. Sy het haar slurp uitgesteek, 'n snorkgeluid gemaak en die klein knapie na haar toe gestuur. Toe het hulle agtermekaar die bosse in verdwyn, met Ma vooraan."

David en Mike sê elke keer as hulle terug na Nogotsaapan

gaan, wonder hulle oor die klein olifantjie en hoop hulle dat hy sal grootword en tot 'n rype ouderdom in hierdie pragtige plek sal lewe.

*David St Quintin en Mike English het die NDBV se Toekenning vir Dapperheid in die Diens van Diere gesamentlik ontvang.*



Nasionale Raad
van DBVs
van Suid-Afrika

DBV
SPCA

Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

DAVID ST QUINTIN

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR DIE

BEVRYDING VAN 'N
OLIFANT-KALFIE

Marcelle Meredith

Uitvoerende Direkteur: NDBV



Nasionale Raad
van DBVs
van Suid-Afrika

DBV
SPCA

Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

MIKE ENGLISH

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR DIE

BEVRYDING VAN 'N
OLIFANT-KALFIE

Marcelle Meredith

Uitvoerende Direkteur: NDBV

# Gelukkige Lassie se tweede lewe

Mev. Peggy Innes was besig om die middag se skottelgoed in haar huis op Sanddrift te was, toe sy 'n kreet hoor. Sy draai die kraan toe en luister. Daar is dit weer. "Dit was 'n vreeslike gekerm. Ek het dadelik geweet dat daar fout is," sê Peggy. "Dit het geklink asof dit van die pad af kom, en ek het soontoe gehardloop om te sien wat dit is."

Eers kon Peggy niks sien nie. Die gekerm het opgehou. Sy was op die punt om terug binne toe te gaan toe sy iets aan die voorafvervaardigde sementmuur van die eiendom aan die oorkant van die straat, sien hang. Toe sy besef wat dit is, het sy ook van skok geskree.

"Dit was die bure se kolliehond, Lassie, wat oor die muur aan 'n wurgketting gehang het," sê Peggy. "Daar was nie 'n beweging nie. Sy was heeltemal slap."

Intussen was Robert Warren en sy neef Michael, wat in die huis langs Lassie s'n woon, verdiep in 'n pot skaak in hul motorhuis en salig onbewus van wat skaars drie meter daarvandaan met die vriendelike jong hond gebeur het.

"Ek en Michael het saam 'n tuindiensbesigheid bedryf en het dikwels tydens die middaguur skaak gespeel," sê Robert. "Die radio was hard aan en ons het niks gehoor nie. Die eerste sprake van die drama was toe ons Peggy ons name hoor roep. Ons het uitgestorm en sy het na die hond gewys."

"Ek het gesê, 'Hierdie hond is dood.' Ek kon voel sy is



dood toe ek haar in my arms hou," sê Robert. "Daar was nie 'n hartklop nie. Niks. Haar tong het uitgehang en was pers, en haar oê was glasig asof sy dood is."

Teen hierdie tyd was Peggy in trane. "Probeer, Robert," het sy gepleit. "Asseblief, probeer haar net red." Toe het sy Lassie se eienaars gaan bel. Robert het probeer. "Ek het eers haar mond toegehou en lug deur haar neus probeer blaas," verduidelik hy. "Dit wou nie werk nie. Toe het ek deur haar mond probeer blaas. Nog steeds was daar geen reaksie nie. Toe sit ek my hele gesig in haar mond en blaas direk in haar keel af terwyl Michael drie keer op haar borskas druk.

"Die eerste keer dat ons dit doen, gee haar hart 'n slag. Die tweede keer klop dit weer. Toe ek die derde keer blaas en Michael pomp, begin haar hart ritmies klop. Ons het aangehou om haar hart te masseer en seker gemaak dat haar keel oop is. Toe knip sy haar oë."

Lassie het bygekom, maar was ietwat bedwelm en het lank doodstil gelê en swaar asemgehaal. "Omtrent vyftien minute later het sy orent gesukkel," sê Robert. "Toe het sy begin tjank en blaf en ons gelek en teen ons opgespring. Sy het op haar manier dankie gesê.

"Dit was die beste gevoel wat ek nog ooit gehad het. Om 'n lewe terug te bring is werklik iets besonders."

***Robert en Michael Warren het die NDBV se Merietesertifikate ontvang omdat hulle Lassie se lewe met behulp van mond-tot-mond asemhaling gered het.***


Nasionale Raad
van DBVs
van Suid-Afrika

DBV
SPCA

Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

ROBERT WARREN

VIR SY BARMHARTIGHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR

EERSTEHULP OP
'N DIER TOE TE PAS

Marcelle Meredith

Uitvoerende Direkteur: NDBV


Nasionale Raad
van DBVs
van Suid-Afrika

DBV
SPCA

Meriete-sertifikaat

WORD TOEGEKEN AAN

MICHAEL WARREN

VIR SY BARMHARTIGHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR

EERSTEHULP OP
'N DIER TOE TE PAS

Marcelle Meredith

Uitvoerende Direkteur: NDBV

Lassie se eienaars het onderneem om haar nooit weer vas te maak nie. Sy was vasgebind aan 'n lang leiband om 'n boom in die tuin. Sy het op 'n stapel hout wat teen die muur gepak was, geklouter. Die amperse tragedie het plaasgevind toe sy oor die muur wou spring.

# Vuur veg teen Vuur

Dit was nog donker toe Amos Moya uit die bed klim. Buite huil die wind en hy wikkel homself toe teen die vriesende koue.

Amos werk al vir amper 'n dekade by mnr. Hymie Hirshowitz as plaasbestuurder op die pragtige plaas van twintig duisend hektaar, vyf kilometer buite Bethal. Nog nooit het hy sulke koue beleef nie.

Sy vrou Christina maak vir hom ontbyt, en Amos kyk televisie terwyl hy eet. Verwoede brande is besig om dorre plaasgrond dertig kilometer noord van Bethal te verwoes, sê die nuusleser. Winde van tot tagtig kilometer per uur verhinder vuurslaanaktiwiteite. Boonop is dit die koudste winter in ses-en-twintig jaar.

Amos vee die waterdamp teen die venster af en kyk buitentoe. Hy is bly dat hierdie plaas ten minste veilig is. Hy het gehelp om die vleis- en melkkuddes op te bou tot amper 'n duisend. Die beeste het voor sy oë mooi vet geword.

Tydens die somermaande het hy die groot groen mielielanderye wat hy aangeplant het, met trots dopgehou. Nou het net die stoppels agtergebly om die beeste deur die koue, droë wintermaande te help. Die bale hooi wat hul voer vir die volgende agt maande is, is in 'n tamaai hoop opgestapel.

Die geweld van die wind slaan Amos teen die bors toe hy uitstap. Hy trek sy asem diep in. Hy verbeel hom hy ruik rook.



"Dit kan nie wees nie," dink hy toe hy die beeste begin voer en water gee.

Teen middagete is die lug swaar van die rook. Swart warrelings as besmeer sy gesig en baadjie.

Intussen, by die opstal, kry Hymie Hirshowitz 'n paniekerige oproep van sy vrou.

Barbara Hirshowitz was Johannesburg toe vir 'n doktersafspraak en is twaalf kilometer buite Bethal toe sy die vuur sien. Die pad is 'n tonnel van vuur met 'n tierende inferno van vlamme aan die kante. Duisende veldmuise swerm oor die pad waarheen hulle vir veiligheid gevlug het.

Bewend van skok draai Barbara om en stop by 'n naburige plaas om haar man te bel. Vegtend teen die paniek in haar stem, sê sy vir hom: "Die vuur is reguit na ons toe op pad!"

Hymie spring dadelik in sy bakkie. Hy moet die hek oopmaak vir die honderd-agt-en-twintig dragtige koeie in die vallei naby die Bethal-Ogiespad, anders sal hulle doodbrand. Ses kilometer verder keer die polisie hom voor. Die pad is gesluit. Hy moet omdraai. Hy smeek die polisie om hom deur te laat. Dit help nie. Hy haas hom terug om sy plaasopsigters op verskillende dele van die plaas te bel sodat hulle die hekke kan oopmaak. Niemand antwoord nie, want niemand hoor nie. Almal is besig om reg te maak om die vuur te bestry.

Terug op sy kant van die plaas sien Amos Moya vol ongeloof hoe die vlamme alles wat hy help opbou het, verwoes. Voor sy oë verander die landerye vol mieliestoppels

in verskroeide aarde. Die lande droë gras verskrompel binne sekondes tot blote as.

Hy sien 'n bok wat met wilde oë deur die vlamme bars en verdwyn. Die lug word dikker. Dit is moeilik om asem te haal en Amos moet sy oë op skrefies trek teen die digte rook en as wat in die wind warrel. Daar is omtrent tweehonderd beeste in die kamp daar naby en Amos hoor hoe hulle van vrees bulk. Hy beveel een van sy helpers om hulle verder die veld in te jaag.

Dan besef Amos dat drieduisend bale lewegewende hooi presies in die pad van die vuur lê. Enige oomblik kan 'n vlieënde vonk die bale soos 'n enorme vuurwerk aan die brand laat slaan. Hy reken die vuur is skaars 'n kilometer weg. Daar is nie tyd om sy werkgewer se raad te vra nie.

Amos besluit om vuur met vuur te beveg. Hy weet dat hierdie metode baie goed op stil dae werk. Met 'n wind wat vonke teen tot tagtig kilometer per uur in alle rigtings waai, waag hy egter 'n kans. Tog is daar niks anders wat hy kan doen nie.

'n Gebied van vyf meter om die enorme hooimied is volgens die vereistes van die brandversekeringspolis omgeploeg. Verblind van die rook en met sweetdruppels wat op sy voorkop staan, steek Amos 'n gekontroleerde vuur om die omgeploegde strook grond aan. Die gekontroleerde gebrande strook sal die nie-ontvlambare area om die hooimied groter maak.

Toe neem Amos en sy manne stelling buite om die

gekontroleerde sirkel vuur in, gewapen met nat sakke.

Die inferno is feitlik op hulle en hulle slaan verwoed brand.

Vir twee-en-'n-half ure veg Amos en sy manne teen die vlamme. "Die beeste was die hele tyd in my gedagtes," het Amos agterna gesê. "Die hele tyd het ek die vrees in hul oë gesien."

Teen sewe-uur staan Amos, tot die dood toe uitgeput, voor die deur van sy huis. In die vroeë winterdonkerte glim oranje kole op die swart landerye soos sterre teen die naghemel. Gelukkig het die wind gaan lê en die vuur was geblus. Sy beeste is ongedeerd, sy huis is veilig en so ook die hooimied.

Amos Moya is 'n beskeie man van min woorde. Hymie Hirshowitz sê dit namens hom: "Die beeste in sy sorg was veilig en nie 'n baal hooi het verlore gegaan nie. In daardie tierende inferno het hy die onmoontlike reggekry. Die wind was teen hom. Ek weet nie hoe hy dit gedoen het nie."

Sê Barbara Hirshowitz: "Amos moes mediese behandeling kry vir 'n besering aan sy oog, maar ek is seker dat hy dit alles weer vir die diere sou doen. Hy het 'n manier met diere, 'n respek vir hulle. Ons is baie dankbaar vir wat hy gedoen het."

***Amos Moya het die NDBV se Merietesertifikaat vir Dapperheid ontvang.***

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

**AMOS MOYA**

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR

**DIERE TEEN GEVAAR**
**TE BESKERM**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

Die brande wat meer as 'n duisend vierkante kilometer in Noordelike Provinsie en Mpumalanga in die winter van 1994 vernietig het, het die lewens van ses mense sowel as honderde beeste, skape en wilde diere geëis. Huise is tot op die grond afgebrand en oeste het verlore gegaan. Honderde beeste en skape wat die vuur oorleef het, moes agterna geslag word weens ernstige brandwonde, en vyf-en-dertig plase is heeltemal verwoes. Dit was die ergste brand in menseheugenis in daardie deel van die land.

# Gertrude praat hondetaal

Die Watling-gesin in Estcourt het twee baie besondere honde.

Sokkies, met haar hartseer spanjoelgesig, lang swart hare en bruin kouse is vyftien en feitlik stokdoof en blind. Tog geniet sy nog die lewe en is deel van die gesin, hoofsaaklik weens haar vriend Humphrey. Humphrey, 'n agtjarige Malteser, het homself as haar oë en ore, gids en beskermheer aangestel. Om die waarheid te sê, as dit nie vir Humphrey se liefdevolle sorg was nie, was Sokkies vandag nie meer deel van die Watling-gesin nie.

Gertrude Ndaba wat reeds vir die afgelope ses-en-twintig jaar vir die Watlings huishou, het 'n spesiale band met klein Humphrey opgebou.

"As ek byvoorbeeld wil hê dat die honde moet kom eet, kan Sokkies my nie hoor roep nie," sê sy, "dan sê ek vir Humphrey: 'Soek vir Sokkies!' En dan hardloop hy deur die tuin tot hy haar kry. Dan druk en stoot en trek hy haar aan die oor en bring haar na my toe."

As 'n bode 'n pakkie op die tafel buite die kombuis los, skarrel Humphrey weg om vir Gertrude te gaan sê. Eers blaf hy vir haar en as sy die boodskap nie dadelik kry nie, neem hy haar hand in sy mond en lei haar daarheen. Dit was terwyl die Watling-gesin met vakansie in Zimbabwe was dat Gertrude en Humphrey se kommunikasievaardighede tot die uiterste beproef is.

"Dit was na middernag," onthou Gertrude. "Ek was vas aan die slaap in my woonstel langs die huis toe Humphrey my wakker raas. Hy het voor my deur staan en blaf. 'Gaan weg, Humphrey', het ek vir hom gesê, want soms roep Humphrey my vir geen spesifieke rede nie."

Net die dag tevore, verduidelik Gertrude, toe sy op die grasperk in die son sit en brei het, het Humphrey haar hand in sy mond geneem en daarop aangedring dat sy saam met hom hek toe stap. Sowaar, daar in die pad was 'n kind aan die huil. Die ma was egter by die kind en daar was nie rede tot kommer nie.

"Dus sê ek weer vir hom, 'Gaan weg, Humphrey'," sê Gertrude. "Maar toe begin hy blaf en hy krap aan my deur. Ek was 'n bietjie skrikkerig, maar het tog opgestaan en buitentoe gegaan."

Die honde slaap gewoonlik in 'n beskutte deel van die binnehof net voor Gertrude se deur. Sy kon vir Sokkies nêrens sien nie en dink toe dat sy haar dalk in die huis toegesluit het. Gertrude het deur die huis gestap maar kon vir Sokkies nêrens kry nie.

"Ek was nie juis bekommerd nie," sê Gertrude. "Ek het gedink sy is maar iewers in die tuin. Toe sê ek weer vir Humphrey om sy mond te hou, maak my deur toe, skakel die lig af en gaan bed toe."

Hierdie keer het Humphrey soos 'n besetene geblaf en teen die deur gespring.  Toe weet Gertrude vir seker dat Humphrey bitter graag vir haar iets wil vertel.  Weer het sy

opgestaan, en hierdie keer vir Humphrey toegelaat om vir haar die pad te wys. Humphrey het deur die binnehof se hekkie na die grasperk genael terwyl hy elke nou en dan oor sy skouer loer om seker te maak dat Gertrude hom nog volg. Toe het hy na die kant van die swembad gestorm, na die water gestaar en dan weer na Gertrude gekyk.

Teen hierdie tyd het Gertrude ook nadergehardloop. By die swembad het sy tot stilstand gekom en na die koue water gestaar. Daar, amper heeltemal onder die water behalwe haar kop, was Sokkies.

"Sokkies het so te sê nie meer geroer nie. Sy was aan die sink. Ek kon sien dat sy baie moeg was. Ek het gebuk en haar uitgehaal," vertel Gertrude.

Met die sopnat hond vasgedruk teen haar het Gertrude na die waskamer gedraf. Hier het sy Sokkies in 'n handdoek toegedraai en gevryf en gevryf tot haar sirkulasie herstel het en sy weer kon staan.

Humphrey het die hele tyd angstig gesit en kyk. Nou en dan het hy aan sy ou vriendin geruik om seker te maak dat sy nog leef. Die res van die nag het albei honde veilig en warm langs Gertrude se bed geslaap.

Sê Gertrude: "Humphrey is 'n baie, baie slim hond. Hy kan nie praat nie, maar hy kan enigiets vir jou sê mits jy bereid is om te luister. As ek vir my kleinkinders van Humphrey vertel dan sê hulle hy's slim, 'kakhulu, kakhulu'. Ek het vir hulle gesê dat as jy weet hoe om na 'n hond te luister sal hy vir jou baie dinge vertel."

*Humphrey het die NDBV se Merietesertifikaat vir Uitstaande Diens deur 'n Dier ontvang.*

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***HUMPHREY***

VIR
VOORTREFLIKE DIENS DEUR

**'N MALTESER-POEDEL**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**



# Die groot slik

Martin Smit word vroeg die oggend wakker geraas deur die radiowekker op sy bedkassie. Dit is Woensdag 23 Februarie 1994 om ses-uur. Slaperig luister hy terwyl die rustige stem van die nuusleser die gebeure van die dag voorlees.

Skielik is Martin helder wakker. "Het jy dit gehoor?" vra hy vir sy slapende vrou Adele. "Word wakker!" por hy, terwyl hy haar skud. "Daar was 'n modderstorting by Merriespruit!  Die hele plek is begrawe onder die modder!"

Dis 'n groot skok vir die jong Stilfonteinse egpaar. Sowel Martin as Adele se ouers woon in die voorstad Merriespruit in die Vrystaatse dorp Virginia.

Hulle probeer hul ouers onmiddelik bel.  Hulle slaag daarin om Adele se ouers in die hande te kry, maar kan Martin se ma nie bereik nie. Hulle het eers later gehoor dat die meeste van die krag-en telefoondrade deur die moddervloed weggesleur is.

Martin en Adele is so bekommerd dat hulle besluit om self Merriespruit toe te ry. Merriespruit is tweehonderd kilometer van Stilfontein, maar teen agtuur is hulle in 'n rekordtyd daar.

"Die verskrikking wat ons daar aanskou het, sal ons vir die res van ons lewens bybly," sê Martin.

Merriespruit lê ongeveer driehonderd meter van die wal van die Harmony Goudmyn se massiewe slikdam.

Gedurende die nag het swaar reëns die dertig meter hoë damwal laat kraak, en dit het inmekaar gestort. 'n Vloed van water en modderige slik is vrygelaat.

Die eerste aanduiding wat die inwoners van Merriespruit van die ramp gekry het, was toe 'n watervloed wat deur die strate storm, hulle wakker raas. Oomblikke later het 'n muur van modderslik – fyn verpoeierde rots waaruit goud gehaal is – die voorstad verswelg.

Die vloed het sewentien mense se dood veroorsaak, seshonderd beseer en tweeduisend haweloos gelaat.

"Toe ons daar aankom was mense wanhopig in die grys slik aan die soek na familie, vriende en verlore besittings," sê Martin. "Net waar jy kyk het reddingswerkers mense na veiligheid gedra."

Martin en Adele het eers seker gemaak dat Martin se familie veilig is voor hulle Adele se ouers gaan soek het. Hulle het Adele se ma, mev. Elise du Toit, aangetref waar sy besig was om 'n reddingspoging vir al die diere wat in die ramp getref is, te organiseer.

"Die eerste oproep na ons noodtelefoon het teen drie-uur die oggend ingekom," onthou mev. Du Toit, opsiener van Virginia se DBV-hokke. "Toe ek vir Martin en Adele teen ongeveer half nege sien, sê ek, 'Kom daar's baie werk om te doen. Daar is baie wat die mense help maar die diere het ook hulp nodig.'"

Martin en Adele het dadelik aan die werk gespring. Adele het by die DBV-basis gewerk waar sy die gekoekte modder

van die verskrikte diere moes afwas, hulle droogmaak en in kampe sit.  Martin het by die DBV se reddingspan aangesluit wat verwilderde diere wat die ramp oorleef het, moes red. Party was vasgekeer op dakke of in die mikke van bome. Ander het op stukke muur wat bo die modder uitgesteek het, gestaan.

"Ons het die hele dag gewerk," sê Martin, "en teen skemer het die polisie ons kom vra om huis toe te gaan omdat die reddingspogings te gevaarlik in die donker is.

"Ek kon nie.  Ek kon 'n hond hoor tjank.  Ek kon hoor dit het pyn.  Ek kon nie bloot my rug daarop draai nie."

Saam met die DBV se vee-inspekteur, Morgane James, het Martin nogmaals die modder ingestap.

"Dit was baie dapper van hom," sê mev Du Toit. "Daar is baie swembaddens in daardie area en Martin het geweet dat een van die reddingswerkers vroeër die dag dood is toe hy in 'n swembad geval het. Hy het eenvoudig onder die modder weggesink en verdwyn."

Toe Martin weer die modder instap, het hy tot onder sy arms in die slik weggesak.

"Ek moes baie stadig en versigtig stap," onthou hy. "Ons was kaalvoet, want skoene trek jou af." Met Morgane agter hom, het Martin duim vir duim vorentoe gesukkel. Voor elke blinde tree deur die koue, klewende modder, moes hy eers met sy voet seker maak dat daar wel soliede grond onder hom is. Doringdraad en glasstukke het sy voetsole aan flarde gesny.



"Dit het ons amper negentig minute gevat om twee honderd meter ver na die huilende hond te stap," sê Martin. "Toe sien ek hom, 'n basterlabrador, vol modder, op 'n stuk muur staan."

Martin het die hond opgetel, op sy skouers gelaai en saam met Morgane weer teruggesukkel. "Hierdie keer het Morgane voor geloop en dit was pikdonker," sê Martin. "Ek kon haar nie sien nie, maar sy het my met haar stem gelei."

Vir drie dae het Martin, saam met ander heldhaftige werkers, sy lewe gewaag om Merriespruit se diere te red. Teen die einde van die derde dag, moeg en met sleg gesnyde voete en vyf steke in sy gesig waar 'n verskrikte hond hom gebyt het, het Martin agt-en-twintig diere gered. Die meeste van die diere is uiteindelik met hul verheugde eienaars herenig. Een van hulle was die Labrador.

Mev. Dot McIntyre, wie se gesin nà die Merriespruitramp na Vereeniging verhuis het, kry 'n knop in haar keel as sy aan die nadraai van die Merriespruitvoorval dink. "Ons het drie honde gehad – 'n *Staffie*, 'n miniatuur Foksterriër en Rex, ons pragtige basterlabrador, 'n teef, ten spyte van haar naam. Ons het ons *Staffie* twee dae na die ramp by die DBV gekry. Daarna was ons elke dag daar op soek na die ander twee."

Omdat Rex beseer was, is sy Welkom toe geneem vir veeartsenykundige aandag. Sy het eers drie weke later na die DBV in Virginia teruggekom.

Die McIntyres het intussen min of meer aanvaar dat hulle nie hul ander vermiste honde gaan terugkry nie, maar toe mev.

McIntyre en haar elfjarige seun vir oulaas by Virginia se DBV gaan inloer, het hulle vir Rex hoor tjank. "Ons ken haar stem," sê mev. McIntyre. "Ons het deurmekaar gelag en gehuil. Ons kon dit nie glo nie. My seun het na haar kampie gehardloop en langs haar gekniel terwyl trane van vreugde oor sy gesig stroom het.

"Mev. Du Toit het vir ons gesê dat Rex die hele tyd wat sy in die DBV se sorg was, nooit 'n geluid gemaak het nie. *Sy* moes begin tjank het omdat sy my seun se stem herken het."

***Martin Smit het die NDBV se Merietesertifikaat vir Dapperheid ontvang, onder meer omdat hy vir Rex gered het.***

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***MARTIN SMIT***

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS DEUR

**BEVRYDING VAN DIERE**
**INSLUITENDE REX**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

*Die DBV het 194 honde, 57 katte, 16 voëls, vyf ganse en een rot uit die chaos by Merriespruit gered.*

# Sky en Rain se nalatenskap

Dit is na middernag. Alles is stil in Durban-Noord waar Wilma Claassen en haar twee kinders, die agtienjarige Michelle en die sestienjarige Theo, rustig in hul dubbelverdiepinghuis met die ongelooflike uitsig oor die Blue Lagoon, lê en slaap.

Buite, in 'n groot hondehok onder die rietdak-gazebo, slaap Sky en Rain, die gesin se geliefde Staffordshire boelterriërs. Sky is die ma en Rain haar seun.

'n Seebriesie roer die blare aan die bome. Toe, hoekom sal niemand ooit weet nie, is daar 'n kortsluiting in die lig in die gazebo se dak. Michelle Claassen word met knippende oë wakker. Verward en deur die slaap staar sy vir 'n oomblik na die vreemde helder skynsel wat buite haar kamervenster flikker en teen haar slaapkamermure dans. Sy ruik rook. Die volgende oomblik, met die geknetter van vlamme in haar ore, is sy by die venster. Die dak van die gazebo onder haar is in ligtelaaie. Vlamme skiet die lug in amper tot regoor haar kop.

Michelle nael na haar ma se kamer. In haar verwarring druk Wilma die alarmknoppie. Die geskree van die alarm is Theo se eerste gewaarwording. Hy spring op en hardloop ondertoe, net in sy pajamabroek.

"Al wat ek kon hoor was die vreeslike gehuil en getjank van ons honde," sê Theo. "Ek het dadelik gesien dat 'n groot brandende stuk van die rietdak voor hul hok geval het en hulle vaskeer. "Ek het na die tuinslang gehardloop om die

dak en die hondehok te probeer natspuit. Ek het myself teen die vlamme probeer beskerm deur agter een van die gazebo se baksteenpilare te skuil, maar die hitte was so erg dat ek nie naby genoeg kon kom nie."

Op daardie oomblik keer Michelle 'n emmer water oor Theo om, onbewus daarvan dat dit later sy lewe sou red. "Gaan weg, gaan weg!" skree Theo vir sy ma en suster terwyl hulle hulpeloos om hom rondstaan. "Gaan bel iemand om ons te kom help!"

Niemand sien die gassilinder wat onder die gazebo op die ingeboude kroegtoonbank staan nie. Die intense hitte het dit in 'n potensiëel dodelike bom verander.

Wilma vertel verder: "Ek het binnetoe gehardloop en Michelle het met die oprit langs genael na die bure wat op ons alarm reageer het. Ek was besig om te bel toe ek 'n geweldige ontploffing hoor. Die volgende oomblik kom Theo skreeuend ingehardloop: 'Ek brand! Ek brand!' "Sy hele lyf was pienk en sy hare het gerook en gesis en was pikswart. Ek het 'n laken om hom gedraai en hom hospitaal toe geneem terwyl Michelle die brandweer gebel het."

Later het die gesin gesien dat die ontploffing die gazebo se dak afgeruk het. Hoewel Theo dit nie kan onthou nie, is hy etlike meters vêr die lug in geslinger. Sky en Rain se verkoolde liggame is ook later gevind. Theo het tweede- en derdegraadse brandwonde oor negentig persent van sy liggaam gehad. Die emmer water wat Michelle oor hom gegooi het, het sy sakkerige slaapbroek en skouerlengte hare



deurdrenk en op hierdie manier verhoed dat sy kopvel en onderlyf verbrand het. Michelle se vinnige optrede het haar broer se lewe gered.

Theo het vir vyf dae in die intensiewe sorgeenheid in Westville se Hospitaal om sy lewe geveg. Hy het 'n verdere drie weke in die algemene saal gelê en moes daarna vir agt weke tuis aansterk. Hy moet nog etlike veloorplantings ondergaan.

"Ek wou vir Sky en Rain red," sê die dapper skoolseun van Chanden House College wat ook 'n vaardige tromspeler in sy eie orkes is. "Hulle was deel van ons gesin. Hulle het dikwels saam met my gegaan as ek by die see gaan bordski het. Ek mis hulle baie."

Theo voeg by dat hierdie ervaring sy siening van die lewe verander en verryk het. "Jong mense sien hulself dikwels as onsterflik en dink dat slegte dinge nie met hulle kan gebeur nie. Ek besef dat ek uiters sterflik is en daarom het die lewe vir my baie kosbaarder geword. Ek waardeer elke oomblik baie meer en ek dink ek het 'n vriendeliker persoon geword. Dit was die twee Staffies se nalatenskap aan my."

***Theo Claassen het die NDBV se Goue Medalje vir Dapperheid in die Diens van Diere ontvang.***

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete -sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***THEO CLAASSEN***

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS AAN

# DIERE

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

# Beauty, moeder soos min

In gietende winterreën ry die Huisamen-gesin met die N1-snelweg na hul plaas naby Worcester. Die twaalfjarige Rian sit die ruitveërs en dophou en wens dat die motor vinniger kan loop. Sy gedagtes is by Beauty, sy pragtige kastaiingbruin merrie met die wit stêr op die voorkop.

Gedurende die week woon die gesin naby Kaapstad, maar naweke bring hulle op die plaas deur. Die vorige somer het Rian geswem, visgevang en paddas en waterslange gesoek in die Jan du Toit-rivier wat deur die plaas vloei. Vandag dink hy net aan Beauty, en hy wonder of haar vul al gebore is. Rian se ouers en oupa Henk Gorter is net so angstig.

Uiteindelik verskyn die ou Kaapse woning, omring met eikebome en behang met klimop, in sig.  Die gesin stop egter nie. Hulle ry reguit na die veld anderkant die perde se kamp. Daar staan Beauty.  Haar pragtige swart maanhare en stert waai in die wind.  Langs haar staan 'n langbeen, tweedagoud vul.  Sy vel is glansend swart, en net soos sy ma het hy 'n wit stêr op sy voorkop.

"Ons het besluit om Beauty en haar vul na stalle nader aan die huis te neem omdat die weer so sleg was," verduidelik Rian.  "Dit was vriesend koud en het gestortreën. Gewoonlik kom Beauty nader om my te kom groet, maar omdat haar vul so jonk was het sy weggedraf toe ons naderkom, en haar vul het haar gevolg. Toe het die Palomino-hings en die twee Palomino-merries wat ook in die veld was, haar agternagesit.

Hulle het reguit rivier toe gegaan."

Die gesin het die perde te voet gevolg. Hulle was bang dat as Beauty se vul buite in die veld bly, hy nie die bitter koue en reën sal oorleef nie.

Wat toe gebeur het, het hulle heeltemal onkant gevang.

Teen hierdie tyd was die rivier in volle vloed. Ten spyte hiervan het die Palominos deurgeswem na die oorkantste wal.

"Ons het probeer om Beauty van die water af weg te keer," sê Rian, "maar die Palomino-hings het van die oorkant af gerunnik dat sy moet kom. Ons kon haar nie keer nie. Sy het ingespring en haar vul het haar gevolg."

Rian, sy ouers en oupa Henk het angstig toegekyk. Hulle het verwag dat die vulletjie enige oomblik onder die kolkende geel skuim gaan verdwyn.

"Beauty het egter aan die onderkant van die vul geswem sodat die stroom hom teen haar vasgedruk het en het hom die hele tyd met haar neus aangemoedig en drywend gehou," vertel mnr. Huisamen. "Ons het gejuig van verligting toe sy die oorkantste bank bereik met haar kleintjie reg agter haar."

Toe tref die ramp hulle.

Die vul was nog besig om uit te klouter toe die modderige wal padgee. Hy het terug in die water geval en is skreeuend van angs stroomaf gesleur.

Op die duskantste wal het die gesin magteloos staan en toekyk.

Beauty het onmiddellik in die rivier gespring. Oupa Henk het langs die rivierwal afgehardloop en probeer om die vul uit te help. Hy het ver oor die water geleun om hom by te kom, maar het sy balans verloor en in die malende waters geval.

Die laaste ding wat die gesin van die wal af gesien het, was Beauty se gesig, haar oë peulend van angs terwyl sy haarself dapper inspan om by haar vul te kom. Toe verdwyn al drie om die draai onder in die rivier.

Oupa Henk vertel verder. "Toe ek opkom sien ek vir Beauty reg langs my, en ek voel hoe sy my 'n kragtige stoot met haar neus wal toe gee. Ek het daarin geslaag om 'n ontblote wortel aan die kant vas te vat. Ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar in haar erns om my lewe te red, het Beauty ook vier van my ribbes gebreek.

"Terwyl ek aan die wortel vasklou, het ek gesien hoe Beauty agter haar vul aan swem. Sy het herhaaldelik vir hom gerunnik en daarin geslaag om hom verby te steek sodat sy lyfie teen hare vasgespoel het. Toe het hulle om die draai verdwyn. Ek was siek van pyn en het myself met 'n groot gesukkel oor die wal gehelp."



Intussen het Rian en sy ouers langs die rivier afgehardloop op soek na oupa Henk.


'n Halfuur later, amper 'n kilometer stroomaf, het Rian vir oupa Henk op die wal gekry waar hy inmekaargestort het, lelik gekneus, blou van die koue en onbedaarlik aan die bewe.

Toe oupa Henk veilig terug in die opstal was, het Rian, sy pa en 'n paar plaaswerkers 'n soektog na Beauty en haar vul langs die rivier op tou gesit. Meer as drie uur later het hulle haar omtrent twee kilometer verder op 'n eiland in die middel van die rivier met haar vul langs haar, gekry.

Sê Rian: "Ek sal haar pragtige gesig nooit vergeet nie. Sy het daar gestaan en wag, op die uitkyk vir ons, asof sy geweet het dat ons sal kom. Ons het 'n menslike ketting gevorm om deur die stroomversnellings by haar te kan kom. Ons het 'n halter om Beauty gesit en haar deur die rivier gelei. Haar vul was baie swak. Ons moes hom oorkant toe dra.

"Dit was 'n ondervinding wat ek nooit sal vergeet nie. Dit het vir my bewys wat ek nog altyd weet, dat diere baie meer verstaan as wat ons ooit sal kan droom. Beauty was ongelooflik."

***Beauty het die NDBV se mees gesogte toekenning ontvang: Dier van die Jaar.***



**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# DIER VAN DIE JAAR 1993

TOEGEKEN AAN

***BEAUTY***

**'N DAPPER EN VOORTREFLIKE PERD EN VRIEND**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

*Kort hierna was Beauty weer by 'n redding betrokke toe sy die vul van 'n merrie wat dood is, aangeneem en gesoog het.*

# Bacchus hang in die weegskaal

As beroepsverwer het Joseph Nxumalo nog altyd gereken dat hy 'n goeie kop vir hoogtes het. Hy klim immers gedurig op en af teen steiers om bo by hoë mure by te kom.

Maar, sê hy, daar is 'n groot verskil tussen om op 'n plank hoog teen 'n dubbelverdiepinghuis te staan en om aan 'n tou oor die rand van 'n tweehonderd meter hoë afgrond te hang.

Die sage het begin toe Joseph sy werksmense geneem het om verfwerk aan die huis van die Cockerell-gesin op die walle van die Palmiet Natuurreservaat in Westville, Durban, te doen.

Om die stowwerige afskuurdery en geskraap te vermy, het die Cockerell-gesin besluit om vir die naweek na hul strandhuis by Umdloti te gaan. Hulle het hul groot elfjarige hond, Bacchus, 'n kruising tussen 'n Deense hond en 'n Kettingbulhond, en Spunky, hul goue Labrador, by die huis gelos.

Bacchus gaan stap dikwels alleen langs die wildernispaadjie in die Palmiet Natuurreservaat. Hy wikkel die skuiwer aan die tuinhekkie met sy neus oop en stap dan af na die steil gruispaadjies wat na die rivier lei. Hier plas hy in die koel water rond terwyl hy gulsig drink. Bacchus is egter nie meer jonk nie. Hy is nie meer so vas op sy voete soos tevore nie. Daarom het Merrill Cockerell 'n slot aan die hek gesit om Bacchus binne te hou.

Terwyl die Cockerell-gesin weg is, het een van Joseph se

werksmense egter vergeet om die slot toe te maak.

Bacchus het sy kans aangegryp. Hy het die skuiwer met sy neus oopgestoot en was gou uit by die hek en af met die paadjie langs die afgrond. Toe die Cockerell-gesin daardie Sondagmiddag tuis kom, is net 'n bekommerde Spunky daar om hulle te groet.

"Ek kon sien dat Spunky doodbenoud was," sê die sewentienjarige Leshane Cockerell. "Iets het haar ontstel en niemand het geweet waar Bacchus is nie."

Leshane en haar ma het verskillende roetes ingeslaan en in die tuin na Bacchus begin soek. Hulle het gefluit en sy naam geroep.

"Toe hoor ek sy stem vanuit die natuurreservaat. Net een blaf," sê Leshane. "Ek het my ma geroep en ons het saam deur die reservaat agter die geluid aan gehardloop."

Daar was nie 'n hond in sig nie.

Merrill sê sy kon haarself net nie sover bring om oor die kant van die afgrond te kyk nie. Leshane het egter op 'n groot rots op die lip van die afgrond geklouter, en versigtig sit-sit vorentoe geskuifel tot op 'n punt vanwaar sy oor die afgrond kon loer.

Wat sy gesien het, het haar maag laat draai. Daar, twintig meter onder haar, was Bacchus, wydsbeen gedrapeer oor 'n dun boom wat skeef uit die hange groei. Onder hom was 'n val van tweehonderd meter na die rivier se bedding.

"Hy moet op die gruis van een die paadjies gegly en oor



die kant geval het," sê Leshane. "Hy kon my nie sien nie, maar ek dink hy het geweet ek is daar. Hy het nie geroer nie. Hy't nie eens sy stert gewaai nie. Hy het nie 'n geluid gemaak nie. Ek was tot die dood toe bang dat hy skielik sou opkyk, my sien en sy balans verloor."

Joseph vertel verder. "Leshane was in trane toe sy terugkom, en het my gesmeek om vir Bacchus te red. Ek het soontoe gehardloop om te sien waar hy is. Hy was op 'n baie gevaarlike plek. Ek het geweet dat indien hy roer, hy na sy dood sou val."

Joseph het huis toe genael en 'n lang tou gaan haal. Hy het een punt aan 'n boom langs die kant van die afgrond vasgemaak en die ander punt om sy middel, op so 'n manier dat daar 'n lang genoeg stuk was om Bacchus mee vas te maak.

Merrill en Leshane, die tuinier en een van Joseph se werksmense het met ingehoue asem staan en kyk hoe Joseph homself oor die kant van die afgrond laat sak en baie stadig na Bacchus beweeg. Dit het hom amper vyftien minute geneem om by Bacchus te kom.

"Ek moes staan op daardie dun boompie waaraan Bacchus gehang het," onthou Joseph. "Ek was die hele tyd doodbang dat Bacchus sou beweeg om my te groet, en dan sou val. Hy het egter nie geroer nie. Bacchus is 'n groot hond. Ek het geweet hy is te swaar vir my om hom terug te dra. Hy kon uit my arms val. Dus het ek die punt van die tou wat om my middel was, om Bacchus se maag vasgemaak. Toe het ek hom om sy lyf probeer vashou en geskree dat hulle ons moet optrek."

Amper dertig minute later het 'n uitgeputte, swetende en

bewende Joseph weer op vaste aarde gestaan. Bacchus het op die grond neergeslaan, te swak om regop te staan. Vir presies hoe lank hy daar gehang het, weet niemand nie. Na 'n paar oomblikke se rus, het Joseph hom huis toe gedra.

"Maar," sê Leshane, "daardie liefdevolle, mal dier wat so graag op my ma se potplante slaap was na 'n bietjie kos en water weer pure hond."

Nadat Joseph met 'n lang glas vrugtesap in die skaduwee gerus het, het hy gesê dat die vreugde op Leshane se gesig vir hom genoeg beloning was.

"Joseph se moed daardie dag was werklik besonders," sê Leshane. "Ek sou nooit kon doen wat hy gedoen het nie. As hy nie so dapper was nie, sou ek die brandweer moes laat kom, maar hulle kon dalk te laat gewees het. Bacchus kon enige oomblik geval het. Ons is aan Joseph groot dank verskuldig."

***Joseph Nxumalo het die NDBV se Merietesertifikaat vir Dapperheid in Diens van Diere ontvang.***

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***JOSEPH NXUMALO***

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS MET DIE

## BEVRYDING VAN 'N DIER

*Marcelle Meredith*

Uitvoerende Direkteur: NDBV

# Sultan se kake van die lewe

Dit is Oujaarsdag en die Flemming-gesin van Noordhoek in Bloemfontein sien uit na 'n kampeervakansie by die Kokoriba Natuurreservaat naby Brits.

Sedert vroegoggend loop Julie heen en weer tussen die huis en die karavaan om potte, panne en al die ander benodighede vir 'n tiendaagse vakansie in te pak.

Die negejarige Zander olie die ketting van sy bergfiets en Alex, sy pa, maak die wit Ford Escort silwerskoon.

Net Sultan, die gesin se vierjaaroue Duitse herdershond, deel nie in die opgewondenheid nie. Hy lê in die son op die stoep en toekyk met sy kop verwese op sy pote. Hy weet wat al die bedrywighede beteken.

"Ons los hom nooit alleen wanneer ons met vakansie gaan nie," sê Julie. "Ons kry altyd iemand om hom geselskap te hou. Maar hy haat dit as ons weggaan."

Na middagete besluit Julie om die laaste afrondingswerk aan die kortbroek wat sy vir die vakansie gemaak het, te doen, terwyl Alex die spoel met die elektriese verlengstuk gaan haal, sodat hy die motor se binnekant kan suig.

Hy prop een punt van die verlengstuk in 'n kragprop in die garagemuur en rol dan die draad, spoel in die hand, tot by die voertuig af.

Toe hy die stofsuier se kragprop by die spoel indruk, stroom 'n geweldige lading elektrisiteit skielik deur sy liggaam.



"Terwyl ek agteroorsteier probeek ek om die spoel, wat ek nog steeds in my hand hou, te laat los," onthou Alex. "Ek wou dit van my af wegslinger, maar elektrisiteit laat jou spiere in 'n spasma gaan en jy kan nie laat los nie. Dit het my in 'n behoorlike greep gehad."

Alex het met sy linkerhand probeer om die spoel uit sy regterhand te skeur, maar die elektriese stroom het daardie hand ook in 'n spasma laat gaan.

Daar staan hy toe in die oprit met albei hande vas aan die spoel, terwyl hy sy uiterste bes doen om kalm te bly. Paniek dreig egter om hom te oorweldig. Hy moet die kragprop uit die garagemuur trek. Dit weet hy. Toe hy egter soontoe probeer hardloop, struikel hy oor die kabel en val op sy rug.

"Ek onthou dat ek vreeslik geskree het. Toe het alles om my swart geword en ek het met moeite asemgehaal. Ek onthou dat ek gedink het, 'Ek gaan dood, God help my'," sê Alex.

Terwyl Alex dieper in 'n koma wegsink, word hy bewus van Sultan se pote op sy bors. Toe hoor hy die hond tjank, en terselfdertyd begin hy makliker asemhaal.

Julie wat intussen in haar naaldwerkkamer besig was, het die krete gehoor.

"Dit was 'n vreemde, hoë geskree, glad nie soos my man se stem nie," sê sy. "Dit het nie eens geklink asof dit uit ons tuin kom nie."

Julie het nietemin ondersoek ingestel. Toe sy by die

voordeur kom, het sy vir Alex sien inkom. "Wie het so geskree?" het sy vir hom gevra. Toe sien sy sy gesig.

"Hy was asvaal en het onbeheers gebewe," onthou sy.

Alex het op 'n stoel by die voordeur neergesak en Julie het haastig vir hom suikerwater gaan haal. Toe sien hulle hoe Sultan aan die spoel op die gras ruik, sy mond swart gebrand. Dis toe dat Alex besef dat Sultan die spoel uit sy hande gepluk het.

Julie het garage toe genael om die krag af te skakel. Sultan het nog steeds aan die spoel geruik asof hy probeer verstaan het hoe dit hom so verskriklik seer kon maak," sê Julie. "Ek roep nog, 'Nee, Sultan!' maar dit was te laat. 'n Elektriese skok het hom onderstebo geslinger."

Sultan se bek en tong het later erg opgeswel en hy is vir brandwonde behandel. Die wonde aan sy bek het mooi gesond geword, maar die beskadigde vel het pienk van kleur gebly.

Alex het brandwonde aan sy vel gehad en het vir drie weke daarna nog pynlike krampe gekry.

"Diere verstaan soveel meer as waarvoor ons hulle krediet gee," sê Julie. "Sultan het gesien dat Alex sterwend was. Hy het gesien wat hom seermaak en dit weggevat. Ons is baie dank aan hom verskuldig."

*Sultan het die NDBV se Goue Medalje vir Dapperheid ontvang, asook die mees gesogte toekenning: Dier van die Jaar.*

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

**Meriete-sertifikaat**

TOEGEKEN AAN

**SULTAN**

VIR
VOORTREFLIKE DIENS DEUR

**'N DUITSE HERDERSHOND**

*Marcelle Meredith*

Uitvoerende Direkteur: NDBV

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

**DIER VAN DIE JAAR 1994**

TOEGEKEN AAN

**SULTAN**

**'N WONDERLIKE HOND**
**EN REDDER**

*Marcelle Meredith*

Uitvoerende Direkteur: NDBV

# Die hond wat nie gered wou word nie

Die Rottweiler was 'n woestaard. Daaraan was daar geen twyfel nie. Op die een of ander manier het hy daarin geslaag om op 'n rots onder die water in die mond van die Port Alfredrivier te bly staan. Die gety is egter besig om in te kom en die branders wat nou nog net oor sy boude spoel sal hom binnekort van die klip afslaan. Tog weier hierdie tamaai, grommende hond van tagtig kilogram, om gered te word.


Rodney Everill onthou die dag goed. "Dit was die dag waarop Suid-Afrika sy eerste demokratiese verkiesing gehou het en Nelson Mandela president geword het," sê hy.

As opsiener van die Parke-afdeling by Port Alfred, werk Rodney hard om hierdie gewilde klein stranddorpie mooi te hou. Na werk gaan hy graag met sy branderplank strand toe.

"Daardie dag was die son besonder warm. Ek het in die kafee langs die strand 'n hamburger en tjips sit en eet, en gedink hoe lekker die branders lyk, toe iemand inkom en sê dat daar 'n Rottweiler in die rivier is."

Rodney het die kort entjie na die riviermond dadelik te voet aangepak.

Daar gekom, het 'n klein groepie mense reeds op die ses voet hoë rivierwal versamel. Twee jong polisiemanne het vir Rodney gesê dat hulle reeds 'n ander Rottweiler hoër op in die rivier gered het. Niemand wil dit egter waag om hierdie een te probeer red nie, want hy grom en ontbloot sy tande



wanneer enigiemand te na aan hom kom. "Dis 'n woestaard," sê hulle.

"Ek het sommer in my jeans en hemp in die water gespring," sê Rodney, "en na die hond gestap. Die water was net oor my middel. Omtrent 'n meter van hom af het ek gaan staan om met hom te probeer vriende maak. Ek het aanhou sê, 'Stadig nou,' en 'Mooi honne', maar hy het nie belang gestel nie. Elke keer as ek my hand uitsteek, het hy geknor en na my gehap. Dit was duidelik dat hy my sou byt."

Rodney sê hy was deeglik bewus van die gevaar. Die Port Alfredrivier is bekend vir die lewens wat al daar verloor is en branderplankryers sien dikwels haaie. Rodney se plank is al deur 'n haai gestamp toe hy naby die oostelike hawehoof geswem het, skaars tweehonderd meter van waar hy nou staan.

Ten spyte daarvan sukkel hy vir die volgende dertig minute om met die hond vriende te maak. "Teen daardie tyd slaan die water al teen my bors," sê Rodney, "en ek weet ek moet opskud. Ek het my hemp uitgetrek en oor die hond se kop gegooi. Toe, met die hemp styf om sy kop, het ek daarin geslaag om hom na die bootafrit 'n ent verder langs die wal te dra. Daar het die polisie my kom help."

Sersant Pannie van Staden vertel verder. "Rodney se hemp was flenters. Dit is aan flarde geskeur en hy is ook lelik deur die hond se naels gekrap. Die ander hond wat ons gered het was baie saggeaard, maar hierdie een was uiters wantrouig. Hy wou nie in die vangwa klim nie en het ons onophoudelik probeer byt."

Uiteindelik het een van die omstanders 'n paar hamburgerfrikkadelle by die restaurant gaan haal. Die polisiemanne het dit agterin die vangwa gegooi om die hond in te lok.

"Niemand weet hoe die honde in so 'n penarie beland het nie," sê sersant Pannie.

Veilig agter in die vangwa, is beide honde na DBV-pleegouers geneem tot die regmatige eienaars opgespoor kon word.

Niemand het kon raai dat die honde se eienaars, Joanne en Allan Breetzke, skaars 'n kilometer verder angstig na hulle op soek was nie.

"Ons is onlangs vanaf Grahamstad hierheen verplaas," sê Joanne Breetzke wie se man Allan, 'n senior posisie by die brandweer beklee.

"Toe Pasha en Sashalee nie hier is om ons te groet toe ons teen vieruur tuis kom nie, het ons dadelik na hulle begin soek. Ons het Port Alfred plat gery en hulle name deur die vensters geroep."

Die Breetzkes het gedink hul honde het dalk na hul ou huis probeer teruggaan, en het tien kilometer vêr langs die nasionale pad na Grahamstad gery terwyl hulle die honde die hele tyd roep. Wetende dat die honde graag swem, het Allan die strand in sy viertrekvoertuig gefynkam. Tot dit begin donker word, het hy die hoofligte as soekligte gebruik en die branders en duine tot na tien-uur die aand deursoek.

"Ons was wanhopig," sê Joanne.

"Vroeg die volgende oggend het my seun weer die strate binnegevaar en mense gevra of hulle ons honde gesien het. Soos die geluk dit wou hê, was die eerste persoon wat hy teëkom, juis die man wat vir Rodney gaan roep het om vir Pasha te help. Van daar af het dinge begin regkom, hoewel Pasha, wat gek is na Allan, aanvanklik sy rug op hom gedraai het toe hy by die pleeghuis opdaag.

"Pasha was seergemaak en nors omdat ons nie daar was toe hy ons nodig gehad het nie," verduidelik Joanne.

Wat Pasha se 'wreedaardige temperament' aanbetref reageer Joanne met verontwaardiging. "Hy's 'n teddie-beer," hou sy vol. "Pasha is 'n absolute teddiebeer! Soms as hy jou groet sal hy effens knor, maar dis net om te wys hoe vriendelik hy is."

Joanne en Rodney is later deur die redakteur van die plaaslike koerant, Dave MacGregor, met mekaar in aanraking gebring.

"Ek het na die Kowie Announcer gegaan om 'n groot advertensie te plaas waarin ek almal bedank het wat by die redding van ons honde betrokke was," sê Joanne. "Toe het Dave ons bymekaar gebring en fotos geneem. Ek het vir Rodney 'n soen en 'n drukkie gegee," sê sy. "Wat hy gedoen het was baie meer as wat van hom verwag kan word. Ons is baie dankbaar."

*Rodney Everill het die NDBV se Merietesertifikaat vir Dapperheid in Diens van Diere ontvang.*

**Nasionale Raad**
**van DBVs**
**van Suid-Afrika**

DBV
SPCA

# Meriete-sertifikaat

TOEGEKEN AAN

***RODNEY EVERILL***

VIR SY DAPPERHEID IN DIE LEWERING VAN DIENS MET DIE

**REDDING VAN 'N DIER**

*Marcelle Meredith*

**Uitvoerende Direkteur: NDBV**

Ons hoor selde van die dapperheid van diere. Tog is daar elke dag diere, oral in die wêreld, wat teen alle verwagtings die lewens van beide mense en ander diere red.

Oor die jare het die Nasionale Raad van die DBV in Suid-Afrika toekennings gemaak aan hierdie onbeloonde helde. Die NDBV het ook medaljes toegeken aan mense – mans, vrouens en kinders – wat meevoeling en groot dapperheid aan die dag gelê het om hulle dierevriende uit gevaar te red.

Louise van der Merwe, joernalis en vegter vir diereregte, vertel in hierdie boek die ware en aangrypende verhale agter sommige van die toekennings. Met illustrasies deur die bekroonde kunstenaar, Jeremy Grimsdell, is 'Helde en Leeuemoed' 'n opwindende en ongewone boek wat nasionale en internasionale erkenning ontvang het.

